# ESEGIëL 29:1-16: TEEN EGIPTE OF TEEN ISRAEL?

H F van Rooy
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

## Abstract

### Ezk 29:1-16: Against Egypt or against Israel?

*This article deals with the prophecy against Egypt in Ezekiel 29:1-16 to demonstrate that the message of this prophecy must be understood in the light of the situation of the people to whom it was directed. Although it is a prophecy against Egypt, the original audience for this prophecy was the exiles in Babylonia. The message of this prophecy to the exiles is explored, as well as the message of the redaction of this prophecy during and after the exile. This is followed by an attempt to define the message of the prophecy for today. With regard to a minister's preaching in South Africa within the current situation, it is concluded that one must be careful not to concentrate on institutions and matters which one opposes as that can result in a congregation being left untouched and feeling secure because it is also against these things. Preaching of the Word of God must activate the congregation to do what is in their power to do, to alleviate the situation in South Africa - and not leave them basking securely in inaction.*

## 1. Inleiding

Iets wat meermale in die prediking gebeur, is dat die predikant téén sekere dinge preek, waarmee die gemeente gewoonlik van harte saamstem. Waarteen 'n mens preek, sal in Suid-Afrika gewoonlik maklik afgelei kan word van die politieke posisie wat die prediker inneem of van sy kerklike verbintenis. In sekere kringe sal daar gepreek word teen die Wêreldraad van Kerke, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die kommuniste en die terroriste. In ander sal dit eerder gaan teen apartheid, die regering, die meelopers en die *establishment*. Die probleem met die soort prediking is dat dit die hoorder nie altyd werklik aanspreek nie, want hy stem met die prediker saam, hy is ook teen al daardie dinge. Hy stap dan onaangeraak die kerk uit met die gedagte dat alles tog in orde is - hy is mos teen die regte dinge.

Laat dit egter reg geskied aan die prediking wanneer dit gaan teen die dinge buite? Moet dit nie eerder mense in beweging bring om hulle eie lewe reg te maak en om die verkeerde in en om hulle te beveg nie? Prediking wat gerig is teen dié wat buite staan kan nie werklik bydra daartoe om die probleme in die Suid-Afrikaanse

samelewing op te los nie. Prediking moet tog primêr gerig wees tot die hoorders en hulle aanspreek, vermaan, bemoedig en aanmoedig tot bekering wat in dade na vore kom. Om hierdie punt te verduidelik sal een van Esegiël se profesieë teen Egipte behandel word, juis om aan te toon dat daardeur nie Egipte aangespreek word nie, maar 'n duidelike boodskap verkondig word aan die oorspronklike hoorders en latere lesers van die profesie in Esegiël 29:1-16. Daar sal eers 'n uiteensetting gegee word van twee modelle wat as hulpmiddel by die verklaring gebruik word, dan 'n ontleding van die gedeelte gevolg deur 'n uiteensetting van die agtergrond van en die boodskap vir die drie vlakke waarop die gedeelte gefunksioneer het. Ten slotte sal aandag gegee word aan 'n boodskap van die gedeelte vir vandag.

## 2. Teoretiese vertrekpunte

In die bestudering van die profesie teen Egipte word daar gebruik gemaak van twee modelle wat nuttig is om 'n profetiese uitspraak te bestudeer teen die agtergrond van die wisselwerking tussen die profeet en sy gehoor aan die een kant, en die verwagtinge van die gehoor van die profeet aan die ander kant. [1]

Die eerste model is dié van Overholt wat te doen het met die wisselwerking tussen die profeet en sy gehoor. In verskillende publikasies het hy op die belang hiervan gewys (1977, 1979a, 1979b, 1981, 1982). Hy het gewys op twee aspekte van die reaksie van die gehoor op die profetiese boodskap, wat vir die bestudering van Esegiël 29:1-16 ook belangrik is. Die een aspek is die wisselwerking wat daar tussen die profeet en sy adres is en waaraan Overholt baie aandag aan gegee het (in al die bogenoemde werke behalwe 1979b). Die ander saak is iets wat hy in die boek van Jeremia aangetref het, maar wat ook in Esegiël voorkom, naamlik dat in die profetiese uitsprake aanhalings aangetref word waarin die gesindheid van die hoorders weergegee word. Hierdie aanhalings wys dan hoe die profeet die gesindheid van sy gehoor gepeil het - dit kan gesien word as sy interpretasie van die *vox populi.* Baie van die aanhalings kon natuurlik meer retories van aard gewees het, maar is tog 'n belangrike aanduiding van hoe die profeet sy gehoor gelees het (vgl Overholt 1979b:273). Hierdie saak kom meermale in Esegiël voor, soos byvoorbeeld in die aanhalings van spreekwoorde van die volk waardeur die gesindheid van die volk teen die profetiese woord uitgedruk word.

Wat die profetiese proses betref, wys hy daarop dat die gesag van die profeet van twee sake afhanklik was, naamlik 'n openbaring van Jahweh aan die een kant en erkenning minstens deur 'n deel van die volk tot wie hy hom gerig het (1979a:518). In die profetiese proses is daar dan drie elemente wat 'n rol speel, naamlik die bonatuurlike wat 'n boodskap het, die profeet wat die boodskap lewer en die hoorders wat die boodskap hoor. Wat veral van belang is, is die interaksie tussen die drie elemente (Overholt 1977:132f). Daar is verder ook twee norme waaraan die gemeenskap veral die boodskap van die profeet toets, naamlik dat sy boodskap 'n kontinuering moet wees van die gemeenskap se sosio-religieuse tradisies en dat dit

1. Vir die toepassing van dieselfde modelle op die profesieë van Haggai, vgl Van Rooy (1988).



relevant moet wees in die huidige sosio-politieke situasie (Overholt 1977:132). Wat veral by die bestudering van Esegiël 29:1-16 belangrik is, is die interaksie tussen die profeet en sy hoorders, waarin die verwagtinge en gesindhede van die gehoor 'n belangrike rol speel.

Wanneer die reaksie van Esegiël se gehoor gepeil word, moet daar rekening gehou word met minstens 'n dubbele gehoor, naamlik die gehoor tot wie die profetiese uitsprake gerig was en die gehoor wat in die redaksie veral voor oë was. Ten opsigte van Esegiël sal dit moontlik wees om van meer gehore as die twee te praat, omdat die proses van redaksie oor 'n geruime tyd verloop het. Vir 'n uiteensetting van die redaksionele proses, vergelyk Zimmerli (1979:71-74). Om dit nie te ingewikkeld te maak nie, sal vir die doel van die artikel drie gehore onderskei word, naamlik die oorspronklike hoorders, die adres van die redaksie tydens die ballingskap en die adres van die finale redaksie (vgl Le Roux 1987:187-188).

Om die gehoor te verstaan tot wie Esegiël hom gerig het, is die teorie van kognitiewe dissonansie soos deur Carroll(1979) toegepas 'n mooi hulpmiddel. Hierdie teorie is veral van belang daar waar mense reageer op inligting wat teen hulle verwagtinge ingaan. Dissonansie ontstaan daar waar mense spesifieke verwagtinge het en die verwagtinge nie vervul word nie of deur ervaring ongedaan gemaak word (Carroll 1979:109). Kognitiewe dissonansie word dus veroorsaak deur die spanning tussen mense se verwagtinge en die werklikheid waarin hulle hulle bevind. Die wisselwerking tussen Esegiël en sy gehoor kan ook beoordeel word aan die hand van hulle verwagtinge en teleurstellings.

## 3. Ontleding van Esegiël 29:1-16

Die gedeelte begin met 'n inleiding in verse 1 en 2 en die begin van vers 3. Daarin word die gedeelte gedateer en kry Esegiël die opdrag om die profesie teen Egipte uit te spreek. Die profesie word gedateer op die twaalfde dag van die tiende maand van die tiende jaar. Volgens Le Roux (1987:180) val dit op 7 Januarie 587 v C. Die beleg van Jerusalem het volgens 2 Konings 25:1 en Jeremia 52:4 begin op tiende dag van die tiende maand van die negende jaar (van die regering van Sedekia en die ballingskap van Jojagin). Die inname van Jerusalem was op die negende van die vierde maand van die elfde jaar (vgl ook Smit, 1965:39-41). Volgens die datum is die profesie dus uitgespreek ses maande voor die val van Jerusalem.

Die res van die gedeelte kan in drie verdeel word, naamlik verse 3-7, 8-12 en 13-16. Elkeen van die drie gedeeltes begin weer met 'n eie inleiding: vers 3: So sê die Here Jahwe; vers 8: Daarom, so sê die Here Jahwe; en vers 13: Want so sê die Here Jahwe. Veral die eerste gedeelte vertoon 'n duidelike digterlike vorm, wat ook pas by die inhoud daarvan, omdat daarin twee uitgebreide metafore aangetref word. Vir 'n volledige bespreking van die digterlike aard en vorm van die gedeelte, vergelyk Van Rooy (1982). Die ontleding wat hier volg word in vertaling weergegee. Vir 'n ontleding van die Hebreeuse teks, ook 'n metriese ontleding, vergelyk Van Rooy (1982:93-94). Almal aanvaar nie hierdie indeling van Esegiël 29:1-16 nie. Fohrer (1975:163-166) deel dit soos volg in: 1-6a, 6b-9a en 9b-16. Hy beskou elkeen van die

drie gedeeltes as 'n aparte oordeeluitspraak teen Egipte. Later sal aangedui word dat daar slegs een oorspronklike uitspraak was wat deur redaksie tot die huidige vorm gegroei het. Hierdie indeling wat Fohrer aanvaar, met 'n verdeling tussen 6a en 6b, word ook aangetref by Eichrodt (1968:274-278), Reventlow (1962:146-153) en Zimmerli (1983:106-116). Hierdie siening word daarop gebaseer dat die partikel $y^{c}n$ aan die begin van 6b 'n voorsin inlei waarvan die nasin volg op die *lkn* in vers 8. 'n Verdere argument is dat die frase 'en hulle sal weet dat ek Jahwe is' gewoonlik 'n onderafdeling afsluit in die boek van Esegiël. Alhoewel daar baie voorbeelde is van $y^{c}n$ en *lkn* so saam gebruik, is daar ook voorbeelde waar $y^{c}n$ 'n voorafgaande sin bepaal, byvoorbeeld 1 Konings 14:13, Jesaja 7:15, Numeri 11:20 en Deuteronomium 1:36. Daar is ook heelwat voorbeelde waar die frase 'en hulle sal weet dat ek Jahwe is', in Esegiël gevolg word deur 'n frase wat dit nader bepaal (byvoorbeeld 6:10; 12:15; 25:17; 28:22). Dit maak 'n ander verdeling wel moontlik, en die verdeling wat hier gevolg word, het die voordeel dat elke afdeling begin met 'n inleidingsformule waarin daar na Jahwe in die derde persoon verwys word. Dit is ook die enigste plekke waar dit gebeur in die drie dele. Die *lkn* aan die begin van vers 8 moet wel verwys na iets wat dit voorafgaan, maar dan is dit na die hele gedig wat dit voorafgaan en waarvan dit 'n nadere verklaring gee. Vir ander verdelings van minder belang, vergelyk Van Rooy (1982:102-103, n. 3).

### 3.1 Ontleding van verse 3-7: sien p 10.

Uit hierdie ontleding is dit duidelik dat die gedeelte uit twee onderafdelings bestaan, naamlik verse 3-5 en 6-7, terwyl vers ses die twee gedeeltes met mekaar verbind. Verder is dit uit 'n metriese ontleding van die gedeelte duidelik dat dit 'n oorwegend 3:2-metrum vertoon. Daar kan na die inleiding twaalf reëls onderskei word waarvan sewe 'n 3:2-metrum vertoon. Die vernaamste afwyking van die patroon kom voor in die twee lang reëls in vers 4, met waarskynlik 'n 3:3- en 3:4-metrum. Die twee onderafdelings bevat elk 'n uitgebreide metafoor. Die eerste, die van die Nylkrokodil wat uit sy habitat verwyder sal word, verwys na die oordeel wat oor Egipte uitgespreek word. Die tweede gee die rede vir die oordeel aan, naamlik dat Egipte vir Israel 'n rietstok was, waarop 'n mens nie jouself kan stut nie.

### 3.2 Ontleding van verse 8-12: sien p 11.

Hierdie gedeelte is duidelik 'n verklaring van die eerste metafoor van die eerste gedeelte. Daar word oordeel aangekondig deur die metafoor en hier word dit duidelik gemaak dat die oordeel voltrek sal word deur oorlog (die swaard van vers 8) en dat dit die totale ondergang en vernietiging van Egipte sal beteken, met ballingskap vir die bevolking. Die ballingskap word ook verbind aan 'n tydperk van veertig jaar, simbolies vir 'n lang tyd.

### 3.3 Ontleding van verse 13-16: sien p 12.

In die gedeelte word daar 'n verklaring gegee van die tweede metafoor van die eerste gedeelte, waarin die rede vir die oordeel oor Egipte uitgebeeld word. Alhoewel dit so is dat die gedeelte begin om genade vir Egipte aan te kondig na die ballingskap van veertig jaar, is dit nie die primêre boodskap van die gedeelte nie. Die struktuur lê die klem op die laaste twee kola, waarin eers gestel word dat Egipte nie weer vir Israel 'n bron van valse vertroue sal wees nie en dat hulle, dit wil sê Egipte en Israel, die mag van Jahwe sal erken. Die ondergang van Egipte word so aan die optrede van Israel - of dan die mense van Juda - verbind. Die oordeel oor Egipte word aangekondig om die valse vertroue op Egipte te vernietig.



## 4. Die profesie tydens die beleg van Jerusalem

Indien die datering as korrek beskou word - en daar is nie 'n dwingende rede om dit nie te doen nie (vgl Zimmerli 1979:9-10) - moet die aanvanklike profesie geplaas word in die tyd toe Jerusalem deur Nebukadneser beleër is, nie lank voor die finale inname en verwoesting van Jerusalem nie. Daar word aanvaar dat Esegiël die profesie in Babilonië uitgespreek het en dat dit gerig was tot die ballinge wat uit Jerusalem weggevoer is nadat Nebukadneser Jerusalem ingeneem het tydens die regering van Jojagin. Esegiël was self een van die ballinge. Hy is in die vyfde jaar van die ballingskap tot profeet geroep en moes die Woord van God aan die ballinge gaan verkondig.

Die boodskap wat Esegiël moes gaan verkondig in die tyd voor die vernietiging van Jerusalem was dat die ballinge nie daarop moes hoop om na Jerusalem terug te keer nie (vgl Koch 1983:84-85). Die profesie teen Egipte moet dan ook verstaan word teen die agtergrond van die verwagtinge van die ballinge en die wisselwerking tussen Esegiël en sy gehoor. Hulle het gehoop om na Jerusalem terug te keer en hy moes die vernietiging van Jerusalem verkondig. Dit het ingehou dat hulle verwagtinge teleurgestel sou word, met kognitiewe dissonansie as gevolg. Uit ander uitsprake van Esegiël is dit duidelik dat die volk hierdie boodskap nie wou aanvaar nie, maar dat hulle vasgehou het aan die hoop op terugkeer en die beëindiging van die ballingskap. Dit blyk onder andere uit die spreekwoorde waarna in Esegiël 12:21-28 verwys word en uit die uitsprake teen die valse profete in hoofstuk 13.

Dit is baie waarskynlik dat Egipte 'n besondere plek gehad het in die verwagtinge (vgl Fohrer 1975:155-156). Op 'n stadium tydens die beleg het dit gelyk asof Egipte Jerusalem te hulp sou kom. Hierna word verwys in Jeremia 37 (vgl Smit 1965:83). Die gevolg hiervan was dat die beleg tydelik beëindig is en dat Nebukadneser eers teen die Egiptenare opgetrek het. Hierdie gebeurtenis kan deel vorm van die grond vir die verwagtinge van die ballinge dat Egipte sal help (vgl Smit 1985:92-93).

Dit is ook baie waarskynlik dat die oorspronklike uitspraak van Esegiël korter was as die teks in sy huidige vorm, wat tekens van redaksionele arbeid toon. Cooke (1970:325-326) meen dat die oorspronklike uitspraak die kern vorm vir die eerste metafoor van die eerste gedeelte. Dit impliseer dat die tweede metafoor en die tweede en derde gedeeltes verband hou met redaksionele arbeid (vgl ook Zimmerli 1983:115-116 vir 'n soortgelyke standpunt). Indien daar egter gelet word op die oorwegende 3:2-metrum in albei die metafore, lyk dit meer aanneemlik om die oorspronklike uitspraak te verbind aan albei die metafore. Alhoewel daar verskeie pogings was om so 'n oorspronklike uitspraak te rekonstrueer, is dit vir die doel van die artikel nie noodsaaklik nie. Daar word aanvaar dat die oorspronklike uitspraak

in die vorm van 'n klaaglied gegiet was en dat dit inhoudelik tot 'n groot mate ooreengestem het met die twee metafore.

Indien dit so was, moes hierdie profetiese uitspraak 'n besondere impak op sy gehoor gehad het. Die ballinge het wel geweet dat Jerusalem beleër word en waarskynlik ook van die opheffing van die beleg weens die optrede van Egipte. 'n Mens kan jou dit indink hoedat hulle verwagtinge aangewakker is. Esegiël het die oordeel oor Jerusalem verkondig, maar die spreekwoorde wat in Esegiël 12:22 en 27 aangehaal word, toon dat hulle dit nie ter harte wou neem nie. Bekering en gehoorsaamheid was nie die oplossing wat hulle nagestreef het nie, maar vertroue op hulp van die kant van Egipte was lewend. Esegiël moes meermale sy woorde deur dade ondersteun. Dit kon ook heel maklik hier gebeur het. Terwyl die ballinge op Egipte hoop, loop Esegiël op straat rond en sing 'n klaaglied oor Egipte. Die boodskap spreek duidelik: vertroue op Egipte help net mooi niks nie.

'n Uitspraak wat meermale gemaak word ten opsigte van die profesieë teen die nasies, is dat die profesieë van oordeel teen die nasies heil vir Israel beteken het. Hierdie uitspraak word ook deur Le Roux (1987:178) op Esegiël van toepassing gemaak. In hierdie profesie teen Egipte is daar egter 'n duidelike uitsondering op hierdie reël. Hier beteken oordeel oor Egipte nie verlossing vir Israel nie, maar daardeur word bevestig dat die oordeel wat die volk van Juda gaan tref, nie afgekeer kan word nie. Oordeel oor Egipte beteken hier eintlik oordeel oor Juda. In die profesie teen Egipte was daar dus 'n duidelike boodskap vir die hoorders ingesluit - en nie vir Egipte nie. Die hoorders wou nie die boodskap van oordeel aanvaar nie, omdat dit teen hulle verwagtinge ingegaan het. Hierdie oordeel oor Egipte het dus die doel gehad om daardie oordeel te bevestig.

## 5. Die profesie tydens die aanvanklike redaksie

In die aanvanklike optekening en redaksie van die mondelinge stof het Esegiël self en ook sy volgelinge 'n belangrike rol gespeel. Die profesie met die jongste datum in die boek is die een teen Egipte in 29:17-21, wat gedateer word op die eerste dag van die eerste maand van die sewe en twintigste jaar. Tot wanneer Esegiël as profeet opgetree het, is onseker, maar dit was waarskynlik nie te lank daarna nie. Sommige wil wel die problematiese dertigste jaar van 1:1 beskou as die dertigste jaar van die ballingskap en die roepingsvisioen dateer in 568 v C (vgl Le Roux 1987:180). Hoe dit ook al sy, die redaksionele werk moes al vroeg in die periode van Esegiël begin het en moes 'n bepaalde vorm van die boek tot gevolg gehad het in die jare 570 tot 550 v C. Hierdie redaksie moes as adres gehad het die ballinge in die ballingskap. Die spore van hierdie redaksie kan onder andere gesien word in die rangskikking van die profesieë teen Egipte, wat nie kronologies gerangskik is nie. Die jongste uitspraak volg direk op die oudste en daarna volg die ander kronologies gerangskik. Dit is waarskynlik gedoen omdat die jongste die oudste bevestig, maar tog in effens ander omstandighede. Waar die oudste die oordeel teen Egipte gebruik het om die oordeel teen Juda te bevestig, het die jongste 'n aankondiging van heil vir Israel (29:21).



Wat dan raakgesien moet word, is dat die oordeel oor Juda wat deur die oorspronklike uitspraak teen Egipte bevestig is, teen die tyd van die redaksie reeds voltrek was. Deur die redaksie is die klaagliedvorm waarskynlik ook versteur, omdat die skokeffek daarvan nie meer nodig was na die voltrekking van die oordeel nie. Verder het die tweede en derde gedeeltes (verse 8-12 en 13-16) waarskynlik tydens die redaksie ontstaan, om vir die latere lesers die metafore van die oorspronklike uitspraak te verklaar. Dit verwys, soos verse 17-21, na die oordeel wat nog oor Egipte voltrek moet word en waarna die oorspronklike uitspraak vroeër reeds verwys het. Vir die mense in die ballingskap het die gedeelte die belang van vertroue op God onderstreep, juis omdat die geskiedenis reeds getoon het dat die valse vertroue op Egipte niks gebaat het nie. Alhoewel die oordeel oor Egipte bevestig word, ook in aansluiting by die daaropvolgende gedeelte, is die boodskap baie sterk opgesluit in die laaste sin, naamlik dat die mense moet besef dat Jahwe die Here, die Koning is op wie vertrou moet word. Vir die volk in ballingskap het dit ook beteken dat hulle op verlossing moet wag op die wyse deur God aangedui, deur die besef van hulle skuld en deur bekering.

## 6. Die profesie in die finale vorm van die boek

Die finale redaksie van die boek kan waarskynlik verbind word aan die voltooiing van die herbou van die tempel in Jerusalem in 515 v C. Die boek het dan saam met die ballinge uit Babilonië teruggekeer en het sy finale vorm in Jerusalem gekry en was dus gerig op die mense in Jerusalem in die tyd van die herbou van die tempel in Jerusalem en net daarna. Teen hierdie tyd was die oordeel oor Egipte reeds voltrek. Alhoewel al die besonderhede nie bekend is nie, het Nebukadneser in 568/7 v C teen Egipte opgetrek. Die presiese uitslag van die veldtog is onbekend, maar Egipte se mag het getaan en Egipte sou nie weer as onafhanklike staat vir Israel 'n bron van valse vertroue word nie. Tog is hierdie profesie teen Egipte - en ook die ander profesieë teen Egipte - behou. In hierdie fase sou 'n mens oordeel teen die nasies wel aan heil vir Israel kan verbind, maar daarmee is die boodskap van die gedeelte nie uitgeput nie.

Indien die finale verwerking gedateer word in die tyd rondom die herbou van die tempel ná die ballingskap, kan dit tot 'n sekere mate verbind word aan die stryd in die gemeenskap na die terugkeer uit die ballingskap juis rondom die herbou van die tempel. Hierdie stryd tussen die hiërokratiese en visioenêre groepe het ook 'n belangrike rol gespeel in die optrede van Haggai en Sagaria. Indien met Hanson aanvaar word dat Haggai en Sagaria in dieselfde tradisie gestaan het as Esegiël (vgl Hanson 1975:228-240), kan daar gesoek word na ten minste 'n verwantskap tussen die redaksies van Esegiël en Haggai. In die finale redaksie het Hanson se hiërokratiese party wel 'n belangrike rol gespeel (vgl Hanson 1975:233). Hulle belangstelling was uit die aard van die saak sterk verbind aan Esegiël 40-48, maar hulle het ook die profesieë teen die nasies in die boek behou. Teen die agtergrond van die voltooide tempel het die profesieë teen Egipte, soos ook die profesieë teen die ander nasies, gewys dat Jahwe in beheer is van die wêreld en dat vertroue op

Hom in die stryd om die daaglikse bestaan die enigste sinvolle benadering is. Die vervulling van die profesie teen Egipte pas ook goed in by die gerealiseerde eskatologie in die tyd rondom die herbouing van die tempel (vgl. Van Rooy 1988:61-62). Dit wys dat die profesieë reeds besig is om in vervulling te gaan, soos wat die profesie teen Egipte in vervulling gegaan het. Weer gaan die profesie nie maar bloot teen Egipte nie, maar dit het 'n direkte boodskap vir die gehoor op wie die finale boek gerig was.

## 7. Die boodskap van die profesie vandag

Wanneer 'n boodskap van die gedeelte vir vandag bepaal word, moet in gedagte gehou word dat die gedeelte nie bloot teen die ander, die mense en instellings buite die eie kring, gebruik kan word nie. Om bloot steeds teen die mense wat nie teenwoordig is nie, uit te vaar, dien weinig doel. Uit die oorspronklike profesie en sy boodskap vir sy tyd en ook uit die funksionering van die profesie tydens redaksie is dit duidelik dat dit in al die gevalle 'n belangrike boodskap vir die hoorders gehad het, met belangrike implikasies vir hulle lewe en optrede. Vir hulle het dit valse vertroue en mensgemaakte planne onder die oordeel gebring. Vir vandag laat dit 'n boodskap hoor dat valse vertroue steeds geen voordeel het nie. Hulle wat 'n eie koninkryk wil behou of vestig deur eie optrede, moet weet dat sonder God dit geen waarde het nie. Dit sluit aan by die boodskap van die oorspronklike profesie dat God se oordeel nie deur die mens se planne en verwagtinge ongedaan gemaak kan word nie. Daar is baie dinge in Suid-Afrika wat oordeel verdien - en dit moet besef word om die mense van Suid-Afrika tot optrede te bring. Dit moet ook in die prediking aandag kry - maar nie so dat net na die ander se bydrae tot die probleme verwys word terwyl die eie bydrae vergeet word nie. Die boodskap is ook dat 'n mens versigtig moet wees om God vir jou kant te kies. God is nie maar net aan 'n sekere groep se kant kant nie, of dit nou diegene is wat die mag het of diegene wat dit nie het nie. Hy het sy eie kant, wat dikwels deur ons kante heen sny.

Verder laat dit 'n boodskap hoor dat die mense van Suid-Afrika gedwing word tot optrede wat in ooreenstemming is met wat God verwag. Dit sluit aan by die boodskap van die gedeelte in die ballingskap, wat 'n boodskap van skuldbesef, skuldbelydenis en bekering was. Om bloot te praat van vertroue op God sonder om die praktiese implikasies uit te spel vir jou optrede, beteken juis om die vertroue te ontkrag. Wanneer 'n mens besef dat God in beheer van die wêreld is, moet jy juis des te meer ywerig wees om aan Hom diensbaar te wees in wat jy doen. Dit het dan ook die implikasie dat hulle wat die Woord wil verkondig, nie maar rustig moet bly preek téén die ander nie. Dit is soms nodig om dit te doen, ook wanneer die gemeente gewaarsku word om getrou aan die karakter van die kerk te leef, in liefde en bekering. In die eerste instansie moet die hoorders egter self met die Woord gekonfronteer word - en dit gebeur nie werklik wanneer iemand na 'n preek kan sê: Ja, ek is ook teen al daardie dinge nie. Hy moet eerder kan sê: Dit is wat ek nou moet gaan dóén om reg te stel wat in my lewe en in die samelewing verkeerd is. Hy moet sy eie skuld besef en bekering moet daarop volg. Om teen Egipte te bly preek - wat Egipte ook al vir die prediker mag wees - lê nie die vinger op die wonde van ons lewe en samelewing nie. Eers wanneer die vinger op die dinge gelê word - en die gelowiges iets daaraan doen - sal die kerklike prediking die oplossing van probleme vergemaklik en nie verhinder nie.

### 3.1 Ontleding van verse 3-7 (sien p 4 van die teks)

Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte

groot krokodil wat in jou Nylstroom lê

wat sê: My Nyl is myne, ek het dit gemaak.

Ja, Ek sal hake in jou kakebene haak en die visse van jou Nyl aan jou skubbe laat kleef

en Ek sal jou uit jou Nylstrome uitsleep saam met al die visse wat aan jou skubbe kleef

en Ek sal jou weggooi in die woestyn saam met al die visse van jou Nylstrome.

Jy sal op die oop veld val, jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie.

Ek sal jou as voedsel gee aan die diere van die veld en die voëls van die hemel.

Dan sal al die inwoners van Egipte besef dat Ek Jahwe is

omdat hulle vir die huis van Israel 'n rietstok was:

as hulle jou met die hand gryp, knak jy en skeur hulle hele skouer oop

en wanneer hulle op jou leun, breek jy en laat al hulle heupe wankel.[2]

2. Hier word die voorstel van BHS $7^c$ aanvaar.

### 3.2 Ontleding van verse 8-12 (sien p 4 van die teks)

Die gedeelte begin weer met 'n aparte inleiding: Daarom, so sê die Here Jahwe. Die res van die gedeelte se struktuur kan soos volg ontleed word:

Kyk, Ek bring die swaard teen jou

en Ek sal mens en dier van jou uitroei.

Egipteland sal 'n woestyn en 'n puinhoop word.
Dan sal hulle weet dat Ek Jahwe is.

Omdat hy gesê het: Die Nyl is myne en ek het dit gemaak - daarom is ek teen jou en teen jou Nylstrome.

Ek sal Egipteland 'n algehele puinhoop maak, 'n woesteny van Migdol tot Aswan en tot die grens van Kus.

Geen mens se voet sal daardeur gaan nie.

Geen dier se poot sal daardeur gaan nie.

Dit sal veertig jaar lank onbewoon wees.

Ek sal Egipte 'n wildernis maak, vol verwoeste stede.

Haar stede sal 'n wildernis wees, ja verwoeste stede, veertig jaar lank.

Ek sal Egipte verstrooi onder die nasies.

Ek sal hulle verdryf in ander lande.

### 3.3 Ontleding van verse 13-16 (sien p 4 van die teks)

Die gedeelte begin weer met 'n aparte inleiding: Want so sê die Here Jahwe. Die res van die gedeelte se struktuur kan soos volg ontleed word:

Na verloop van veertig jaar sal Ek Egipte versamel uit die lande waarheen Ek hulle verstrooi het.

Ek sal 'n einde maak aan die gevangenskap van Egipte.

Ek sal hulle terugbring van die land Patros na die land van hulle herkoms.

Hulle sal daar 'n nederige koninkryk vorm.


Dit sal nederiger wees as die ander koninkryke.

Hy sal homself nie meer bo die koninkryke verhef nie.

Ek sal hulle klein maak om nie meer oor die ander koninkryke te heers nie.

Hy sal nie meer vir die huis van Israel 'n voorwerp van vertroue wees wat die oortreding in herinnering bring wanneer hulle hulle tot hulle wend nie.

Hulle sal weet dat Ek die Here Jahwe is.





## BIBLIOGRAFIE

Carroll, R P 1979. *When prophecy failed. Reactions and responses to failure in Old Testament prophetic traditions*. London: SCM.

Cooke, G A 1970. *The book of Ezekiel.* (International Critical Commentary.) Edinburgh: Clark.

Eichrodt, W 1968. *Der Prophet Hezekiel.* 3. Aufl. (Das Alte Testament Deutsch.) Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Fohrer, G 1975. *Die Propheten des Alten Testaments, Band 3. Die Propheten des frühen 6. Jahrhunderts.* Gütersloh: Gerd Mohn.

Hanson, P D 1975. *The dawn of apocalyptic.* Philadelphia: Fortress.

Koch, K 1983. *The prophets, volume 2. The Babylonian and Persian periods.* London: SCM.

Le Roux, J H 1987. Die boek Esegiël, in Burden, J J & Prinsloo, W S, *Tweegesprek met God. Die literatuur van die Ou Testament, deel 3.* Kaapstad: Tafelberg, 175-194.

Overholt, T W 1977. Jeremiah and the nature of the prophetic process, in Merrill, A L & Overholt, T W (eds), *Scripture in history and theology. Essays in honor of J C Rylaarsdam*, 129-150. Pittsburg: Pickwick.

1979a. Commanding the prophets: Amos and the problem of biblical authority. *Catholic Biblical Quarterly* 41: 517-532.

1979b. Jeremiah 2 and the problem of 'audience reaction'. *Catholic Biblical Quarterly* 41: 262-273.

1981. Prophecy: the problem of cross cultural comparison. *Semeia* 19-22: 55-78.

1982. Seeing is believing: the social setting of prophetic acts of power. *Journal for the Study of the Old Testament* 23: 3-31.

Reventlow, H Graf 1962. *Wächter über Israel. Ezechiel und seine Tradition.* (Beiheft, Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft 82.) Berlin: Töpelmann.

Smit, E J 1965. *Die ondergang van die ryk van Juda.* D Litt- tesis, V U, Amsterdam.

Van Rooy, H F 1982. Parallelism, metre and rhetoric in Ezekiel 29:1-16. *Semitics* 8:90-105.

1988. Eschatology and audience: The eschatology of Haggai. *Old Testament Essays* 1/1:49-63.

Zimmerli, W 1979. *Ezekiel I.* (Hermeneia). tr R E Clements. Philadelphia: Fortress.

1983. *Ezekiel II.* (Hermeneia). tr J D Martin. Philadelphia: Fortress.